



ACVV HELEN BELLINGANHOF AFTREEOORD

HUISHOUDELIKE REËLS

Die volgende huishoudelike reëls vul die Grondwet van die ACVV, sowel as sekere aspekte van u oorspronklike Koopkontrak van lewensreg aan en vorm gesamentlik die kontrak tussen u en die ACVV. Alle inwoners is gevolglik tot die nakoming daarvan verbind:

1. SEKURITEIT

- 1.1 Alle inwoners is verplig om in te skakel by die bestaande gebeurlikheidsplan en die inoefening van ontruimsoefeninge. 'n Dokument met meer besonderhede word in u lêer ingesluit.
- 1.2 Geen buitedeurslotte mag vervang word nie. Om te verseker dat ons u huis kan binnegaan in 'n noodgeval, moet u asseblief **die sleutel van u voordeur, nadat u die deur gesluit het, uit die slot haal en aan 'n hakie wat ons kan voorsien, ophang. Alle vertikale skuiwers aan staaldeur moet ontkoppel word, of ons kan dit vir u verwyder. By die gewone deur moet u ook die skuiwer ontkoppel wanneer u ookal die deur sluit.**

Indien u 'n **skuifdeur** as hoofingang het, moet die bostaande vir u **tweede ingangsdeur of agterdeur gevolg word.**

Indien u **veiligheidsdeure** by u ingange het, moet u asseblief **duplikaatsleutels** by die **kantoor** inthandig.

Hierdie voorsorgmaatreëls is in die belang van u eie veiligheid.

- 1.3 Geen kollektelys, van watter aard ookal, mag in die Oord gesirkuleer word sonder die Hoof van ACVV Helen Bellinganhof se toestemming nie.
- 1.4 Geen smouse sal op die perseel toegelaat word nie.
- 1.5 Elke voertuig van 'n inwoner op die Oord moet 'n identiteitskyfie regs, onder op die voorruit, vertoon. Hierdie skyfies is gratis by die kantoor beskikbaar.
- 1.6 Tuinwerkers en huishulpe wat nie op die ACVV se betaalstaat verskyn nie, sal slegs met die nodige toestemming van die Bestuurder op die perseel toegelaat word. Hulle moet ook die nodige identiteitskaart dra.
- 1.7 Die Bestuur en/of personeel kan nie verantwoordelik gehou word vir enige persoonlike besittings wat uit u huis vermis mag word nie, of vir enige skade berokken of beserings opgedoen in of buite u huis nie.
- 1.8 Geen plante, van watter aard ookal, wat hoër as 'n halwe meter is, sal nader as 'n halwe meter van die grensheinings toegelaat word nie.

1.9 Indien u enige vlamme of rook sien, meld dit asseblief dadelik by die Hoof aan.

2. WOONEENHEDE

2.1 Die Bestuur/Beheerraad en die inwoner sal, voordat die inwoner intrek en by die beëindiging van die inwoner se verblyf in die betrokke wooneenheid, 'n gesamentlike inspeksie doen van die akkommodasie.

2.2 'n Lys van enige en alle defekte word na die inspeksie as Aanhangel B tot hierdie ooreenkoms toegevoeg.

3. MAANDELIKES HEFFING

3.1 Maandelikse heffings is vooruitbetaalbaar voor of op die 7de dag van elke maand. Vyftien persent (15%) rente sal gehef word op laat betalings.

4. ETES

4.1 Maaltye kan teen vergoeding van die kombuis bestel word. 'n Vasgestelde spyskaart word gevolg.

4.2 Voorsiening vir spesiale diëte kan slegs per geneesheer voorskryf gedoen word en slegs binne die kapasiteit van die vasgestelde spyskaart.

4.3 Maaltye word daaglik om 12:00 bedien.

4.4 Maaltye kan by die wooneenhede besorg word teen die vasgestelde tarief en is slegs beskikbaar aan lede wat na 'n operasie herstel of weens siekte en daar vooraf met die Verpleegkundige aan diens reëlings getref is.

4.5 Die kantoor moet voor 10:00 die vorige dag in kennis gestel word indien u nie 'n middagete gaan neem nie, asook wanneer u gaste vir middagete wil nooi. Maaltye vir gaste word teen die standaard tarief bestel en moet vooraf betaal word. Besprekings vir Sondagetes moet voor middagete op die voorafgaande Vrydag gedoen word.

4.6 Indien u vir 'n nag of langer op 'n ander plek oorslaap, moet die voorgeskrewe vorm behoorlik ingevul word en by die kantoor ingedien word. Die betrokke vorm maak voorsiening vir belangrike inligting, soos onder andere die tydperk van afwesigheid en waar met u kontak gemaak kan word. Dit sal ook as versoek dien om u tuin te versorg.

5. SIEKEBOEG

5.1 Die siekeboeg is by die relevante owerhede geregistreer. Die eenheid beskik volgens wetlike vereistes oor 'n stel omvattende en aanvaarbare reëls, wat deur inwoners en besoekers eerbiedig moet word. Besonderhede is by die Hoof van ACVV Helen Bellinganhof beskikbaar.

5.2 Die Hoof van ACVV Helen Bellinganhof behou die reg voor om u geneesheer te skakel indien dit nodig sou wees.

5.3 'n Bedrag is by maandelikse heffings betaalbaar ten opsigte van siekeboegdienste.

- 5.4 Inwoners wat siekeboegdienste benodig, mag teen 'n tarief in die siekeboeg opgeneem word.
- 5.5 Inwoners wat van die dienste van privaat verpleegkundiges of "oppassers" gebruik maak, is self verantwoordelik om te verseker/toe te sien dat die huishoudelike reëls nagekom word. 'n Volledige stel reëls ten opsigte van onder andere hul identifisering, die ontvang van besoekers, ens is by die kantoor beskikbaar.

6. SKOONMAAK EN WASGOEDDIENSTE

- 6.1 Inwoners is verantwoordelik vir die skoonhou van wooneenhede, asook om toe te sien dat die area voor die eenheid skoon en higiënies gehou word.
- 6.2 Wasgoed opsie beskikbaar.

7. VULLISVERWYDERING

- 7.1 Die bewoner van 'n deel moet –
- a) op 'n deel van die eiendom skiftelik deur die bestuur vir dié doel aangewys, in 'n higiëniese en droë toestand 'n houer vir vullis hou;
 - b) verseker dat die vullis voordat dit in die houer geplaas word, goed toegedraai is of, in die geval van blikke en ander houers, dit vry van vloeistof is;
 - c) die houer, vir die doel van vullisverwydering, plaas op 'n plek en op die tye soos deur die Bestuur bepaal;
 - d) wanneer die vullis verwyder is, die houer onmiddellik terugneem na die plek in paragraaf (a) bedoel.

8. ROMMEL

'n Bewoner van 'n eenheid mag nie rommel, insluitende vullis, sigaretstompies, oorskietkos en ander vuilgoed op die eiendom stort of laat stort of gooi of toelaat dat dit gedoen word nie.

9. KLAGTES

- 9.1 Die ACVV Helen Bellinganhof het 'n amptelike Klagte Protokol wat alle tye geldend is. Inwoners moet hulself vergewis van die klagteprosedure en dit gebruik indien nodig.
- 9.2 Klagtes wat amptelik gerig word, sal na behore ondersoek en hanteer word. Terugvoer sal skriftelik gebied word.
- 9.3 In die ontvangsportaal van ACVV Helen Bellinganhof is 'n houer waar klagtes geplaas kan word.

10. STRUKTURELE VERANDERINGE

- 10.1 Geen strukturele veranderinge of byvoegings mag aangebring word sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Bestuur nie.
- 10.2 Geen items of toebehore wat addisioneel aan die struktuur geheg word, mag sonder vooraf skriftelike toestemming van die Bestuur aangebring word nie.
- 10.3 Sodanige veranderinge mag nie verwyder word wanneer die wooneenheid ontruim word nie.

11. BUIEVOORKOMS

Die bewoner van 'n eenheid mag nie iets op enige gedeelte van die eiendom, insluitende balkonne, patio's, stoepe en tuine, plaas of iets daarop doen wat na die oordeel van die bestuur esteties onaangenaam, onooglik of ongewens voorkom wanneer dit van buite die deel gesien word.

12. TUINE

- 12.1 Die aanplant van gras en bome is ACVV Helen Bellinganhof se verantwoordelikheid. U word versoek om u privaat tuin sodanig te beplan, sodat dit daarby sal inskakel.
- 12.2 Geen bome mag aangeplang of verwyder word voor beraadslaging met die Hoof nie.

- 12.3 Waterbesparende maatreëls mag van tyd tot tyd onafwendbaar wees. Dit is almal se belang dat sodanige maatreëls onvoorwaardelik gehoorsaam word.
- 12.4 Daar moet gepoog word om sover moontlik aanplanting met in agneming van die Klein Karoo se natuurlike plantegroei te doen. Geen indringerplante wat 'n risiko inhou vir ander plante, mag aangplant word nie.

13. WASGOED

'n Bewoner van 'n eenheid mag nie sonder die skriftelike toestemming van die bestuur sy eie wasgoedlyne span nie en mag ook nie enige wasgoed of ander items aan enige gedeelte van die gebou of die perseel hang sodat dit van buite die gebou of enige ander deel sigbaar is nie.

14. BEWARING VAN VLAMBARE STOWWE EN ANDER GEVAARLIKE OPTREDES

'n Bewoner mag nie in die gebou of op die perseel enige stof bewaar of enige ander gevaarlike handeling verrig of laat verrig of toelaat dat dit verrig word wat die verhoging van die tarief van die premie betaalbaar deur die ACVV op enige versekeringspolis sal of kan meebring nie.

15. MOTORAFDAKKE

- 15.1 Onderdak parkering word soos versoek beskikbaar gestel teen 'n maandelikse heffing.
- 15.2 Dit mag slegs gebruik word vir die doel waarvoor dit opgerig is, met ander woorde slegs vir padwaardige voertuie.

16. VOERTUIE

16. Geen bewoner mag sonder die skriftelike toestemming van die bestuur 'n voertuig op die eiendom parkeer of laat staan, of toelaat dat 'n voertuig op die eiendom parkeer of laat staan nie anders as op aangeduide parkeerareas.
- 16.2 Die bestuur mag enige voertuig wat sonder hulle toestemming op die eiendom geparkeer is, daarop staan of daarop geabandonneer is, op die koste en risiko van die eienaar daarvan laat verwyder of wegsleep.
- 16.3 Bewoners van dele moet sorg dat hulle voertuie en die voertuie van hulle besoekers en gaste nie olie of remvloeistof op die eiendom drup of die eiendom op enige wyse skend nie.
- 16.4 Bewoners word nie toegelaat om op enige gedeelte van die eiendom, enige voertuig uitmekaar te haal of groot herstelwerk daaraan te doen nie.

17. TROETELDIERE

- 17.1 'n Bewoner van 'n deel mag nie sonder die skriftelike toestemming van die bestuur enige dier, reptiel of voël op die eiendom aanhou nie, en sodanige toestemming word nie sonder goeie redes weerhou nie.
- 17.2 Wanneer die bestuur sodanige toestemming verleen of enige tyd daarna, kan hulle enige redelike voorwaardes stel.
- 17.3 Die bestuur kan sodanige toestemming terugtrek indien enige voorwaarde opgelê kragtens subreël 17.2, verbreek word.

18. BESOEKERS

Besoekers is baie welkom. Dit is egter u verantwoordelikheid om die volgende onder u besoekers se aandag te bring:

- 18.1 Spoedbeperkings moet gehoorsaam word.
- 18.2 Wys die parkeerarea aan waar u verwag hulle moet parkeer.
- 18.3 Troeteldiere word nie in die oord toegelaat nie.
- 18.4 Begrip moet getoon word dat sekere tye van die dag as "rustyd" beskou word.
- 18.5 Geen langtermynverblyf mag aan besoekers verskaf word nie.

19. VERHUUR VAN EENHEDE

Alle huurders van eenhede en ander bewoners aan wie die reg tot okkupasie van 'n betrokke eenheid verleen is, moet hierdie gedragreëls nakom, ondanks andersluitende bepalings vervat in enige huurooreenkoms of ooreenkoms van okkupasie.

20. GEDRAG

- 20.1 Dit is die verantwoordelikheid van elke inwoner om op hoogte te wees van die huishoudelike reëls en dit stiptelik na te kom. Gedrag wat teenstrydig is met die reëls of steurnis versoorsoak, sal nie geduld word nie.
- 20.2 Vuurwapens word toegelaat onderhewig aan die nuwe vuurwapenwet en regulasies.
- 20.3 Geen personeellid van die ACVV mag aandrang op vergoeding, kos of lekkernye nie. Personeel mag ook nie geld leen, klere koop, skimp vir eetgoed of 'n oproep van u telefoon maak nie. U moet alle klagtes of navrae in hierdie verband by die Hoof aanmeld vir opvolging.
- 20.4 Geen personeel mag enige vorm van werk verrig in ruil vir vergoeding van 'n inwoner nie.